



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

GOVERNMENT GAZETTE

FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

R1,00 Prys • Price
R0,10 Plus 10% BTW • VAT
R1,10 Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

Vol. 325

KAAPSTAD, 1 JULIE 1992

CAPE TOWN, 1 JULY 1992

No. 14077

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1770.

1 Julie 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring gegee het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 81 van 1992: Wysigingswet op Beslote Korporasies, 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1770.

1 July 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 81 of 1992: Close Corporations Amendment Act, 1992.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- []] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skappings uit bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Beslote Korporasies, 1984, ten einde die inhoud van en die verandering van stigtingsverklarings van beslote korporasies verder te reël; ander voorsiening te maak vir naamsveranderinge van beslote korporasies; sekere verwysings na inlywing van beslote korporasies op straf te verbied; vir die publikasie van name van beslote korporasies en die omskepping van maatskappye in beslote korporasies verdere voorsiening te maak; die inhoud van die register van vaste bates van beslote korporasies verder te bepaal; en die aanstelling, ontslag en bedanking van rekeningkundige beamptes van beslote korporasies nader te omskrywe; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 18 Junie 1992.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 12 van Wet 69 van 1984

1. Artikel 12 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te 5
vervang:

“(d) die volle name van elke lid, **[en]** sy identiteitsnommer of, as hy nie so 'n nommer het nie, sy geboortedatum en sy woonadres;”

Wysiging van artikel 15 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 38 van 1986 10

2. Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Indien 'n verandering gemaak word of plaasvind ten opsigte van 'n aangeleentheid waarvan besonderhede in 'n stigtingsverklaring van 'n korporasie vermeld word ooreenkomstig paragraaf (b), (d), (e) of (f) van artikel 12, moet die betrokke korporasie, 15
behoudens die bepalings van artikel 29(3)(c) en (d), binne 28 dae na sodanige verandering by die Registrateur 'n gewysigde stigtingsverklaring, in **[duplikaat]** triplikaat en in die voorgeskrewe vorm tesame met die voorgeskrewe gelde, vir registrasie in sy registers 20
indien, onderteken deur of namens elke lid van die korporasie en deur of namens elke persoon wat by sodanige registrasie 'n lid sal word, en wat besonderhede en die datum van die verandering bevat.”; en

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

 Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Close Corporations Act, 1984, so as to further regulate the contents of and the change of founding statements of close corporations; to make other provision for name changes of close corporations; to prohibit under penalty certain references to incorporation of close corporations; to provide further for the publication of names of close corporations and the conversion of companies into close corporations; to further determine the contents of the register of fixed assets of close corporations; and to define more closely the appointment, removal from office and resignation of accounting officers of close corporations; and to provide for matters connected therewith.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 18 June 1992.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 12 of Act 69 of 1984

1. Section 12 of the Close Corporations Act, 1984 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

“(d) the full name of each member, **[and]** his identity number or, if he has no such number, the date of his birth, and his residential address;”.

Amendment of section 15 of Act 69 of 1984, as amended by section 5 of Act 38 of 1986

2. Section 15 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) If any change is made or occurs in respect of any matter particulars of which are stated in a founding statement of a corporation in accordance with paragraph (b), (d), (e) or (f) of section 12, the corporation shall, subject to the provisions of section 29(3)(c) and (d), within 28 days after such change lodge with the Registrar for registration in his registers an amended founding statement, in **[duplicate]** triplicate in the prescribed form together with the prescribed fee, signed by or on behalf of every member of the corporation and by or on behalf of any person who will become a member on such registration, and which contains particulars and the date of the change.”; and

(b) deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (2) te voeg:

“Met dien verstande dat ’n verklaring in die voorgeskrewe vorm wat na registrasie daarvan deel van die stigtingsverklaring of gewysigde stigtingsverklaring uitmaak, in die plek van ’n gewysigde stigtingsverklaring by die Registrateur vir registrasie ingedien moet word indien so ’n verandering gemaak word of plaasvind ten opsigte van—

(a) ’n aangeleentheid waarvan besonderhede aldus vermeld word ooreenkomstig paragraaf (c) van artikel 12, in welke geval die rekeningkundige beampte sodanige verklaring namens die lede kan onderteken indien die korporasie genoemde verandering goedgekeur het en die rekeningkundige beampte skriftelik aldus sertifiseer; of

(b) die naam of adres van die behoorlik aangestelde rekeningkundige beampte, in welke geval die rekeningkundige beampte sodanige verklaring namens die lede kan onderteken, en genoemde verandering van krag word op die datum in die verklaring vermeld.”.

Wysiging van artikel 20 van Wet 69 van 1984

3. Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) ’n Belanghebbende persoon kan **[binne ’n tydperk van een jaar in subartikel (1) bedoel]**—

(a) binne ’n tydperk van een jaar in subartikel (1) bedoel, by betaling van die voorgeskrewe geld skriftelik by die Registrateur aansoek doen om ’n bevel wat die korporasie gelas om sy naam te verander op grond van onwenslikheid **[te verander]** of op grond daarvan dat die naam bereken is om die aansoeker skade te berokken; of

(b) binne ’n tydperk van twee jaar na die registrasie van ’n stigtingsverklaring, by ’n Hof aansoek doen om ’n bevel wat die korporasie gelas om sy naam te verander op grond van onwenslikheid **[te verander]** of op grond daarvan dat die naam bereken is om die aansoeker skade te berokken, en die Hof kan by so ’n aansoek die bevel gee wat hy goeddink.”; en

(b) deur na subartikel (3) die volgende subartikels in te voeg:

“(3A) ’n Persoon wat hom veronreg ag deur ’n beslissing of bevel van die Registrateur kragtens hierdie artikel, kan, binne een maand na die datum van die beslissing of bevel, by ’n bevoegde provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof aansoek doen om regshulp, en die Hof kan die meriete van so ’n aansoek oorweeg, verdere getuienis aanhoor en ’n bevel gee wat hy goeddink.

(3B) Geen voorgeskrewe gelde in artikel 15(1) vermeld, is betaalbaar ten opsigte van die registrasie van ’n gewysigde stigtingsverklaring uit hoofde van ’n bevel kragtens subartikel (3) van hierdie artikel nie.”.

Invoeging van artikel 22A in Wet 69 van 1984

4. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 22 ingevoeg:

“Onbehoorlike verwysings na inlywing ingevolge Wet

22A. ’n Persoon wat besigheid dryf onder ’n naam of titel—

(a) waarby die afkorting “BK” of “CC”, na gelang van die geval, gevoeg is; of

(b) waarvan die woorde “beslote korporasie” of “close corporation” of enige afkorting daarvan op so ’n wyse deel vorm dat dit dui op inlywing ingevolge hierdie Wet, is, tensy behoorlik ingevolge hierdie Wet as ’n beslote korporasie ingelyf, aan ’n misdryf skuldig.”.

(b) by the addition to subsection (2) of the following proviso:

“Provided that a statement in the prescribed form which upon registration thereof shall form part of the founding statement or amended founding statement, shall, instead of an amended founding statement, be lodged with the Registrar for registration if any such change is made or occurs in respect of—

(a) any matter of which particulars are so stated in accordance with paragraph (c) of section 12, in which case the accounting officer may sign such statement on behalf of the members if the corporation has approved of the said change and the accounting officer so certifies in writing; or

(b) the name or address of the duly appointed accounting officer, in which case the accounting officer may sign such statement on behalf of the members, and the said change shall take effect upon the date mentioned in the statement.”

Amendment of section 20 of Act 69 of 1984

3. Section 20 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) Any interested person may **[within a period of one year referred to in subsection (1)]**—

(a) within a period of one year referred to in subsection (1), on payment of the prescribed fee apply in writing to the Registrar for an order directing the corporation to change its name on the ground of undesirability or that such name is calculated to cause damage to the applicant; or

(b) within a period of two years after the registration of a founding statement apply to a Court for an order directing the corporation to change its name on the ground of undesirability or that such name is calculated to cause damage to the applicant, and the Court may on such application make such order as it deems fit.”; and

(b) by the insertion after subsection (3) of the following subsections:

“(3A) Any person feeling aggrieved by any decision or order of the Registrar under this section may, within one month after the date of such decision or order, apply to a competent provincial or local division of the Supreme Court for relief, and the Court may consider the merits of any such matter, receive further evidence and make any order it deems fit.

(3B) No prescribed fee mentioned in section 15(1) shall be payable in respect of the registration of an amended founding statement by virtue of an order under subsection (3) of this section.”

Insertion of section 22A in Act 69 of 1984

4. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 22:

“Improper references to incorporation in terms of Act

22A. Any person carrying on business under a name or title—

(a) to which the abbreviation “CC” or “BK”, as the case may be, is subjoined; or

(b) of which the words “close corporation” or “beslote korporasie” or any abbreviation thereof form part in a way which indicates incorporation as a close corporation in terms of this Act, shall, unless duly incorporated as a close corporation in terms of this Act, be guilty of an offence.”

Wysiging van artikel 23 van Wet 69 van 1984

5. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) moet daardie naam (of sodanige vertaling daarvan) en registrasienommer in leesbare letters laat verskyn in alle kennisgewings en ander amptelike publikasies **[met inbegrip van advertensies]** van die korporasie, en in alle wissels, promesses, endossemente, tjeks en bestellings vir geld, goedere of dienste wat heet geteken te wees deur of namens die korporasie, en in alle briewe, afleweringsbriewe, fakture, kwitansies en kredietbriewe van die korporasie; en”.

Wysiging van artikel 27 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 38 van 1986 en artikel 2 van Wet 64 van 1988

6. Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (4) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Indien aan die **[vereistes]** bepalings van subartikel (2) voldoen is, moet die Registrateur **[tensy hy rede het om te glo]** indien hy oortuig is dat die betrokke maatskappy **[versuim het om aan 'n vereiste]** wesenlik aan die vereistes van die Maatskappywet **[te]** voldoen het—”.

Wysiging van artikel 56 van Wet 69 van 1984

7. Artikel 56 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf (b) van subartikel (1) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“ 'n register van vaste bates wat ten opsigte daarvan die onderskeie datums van die verkryging en die koste daarvan, depresiasië (as daar is), en waar bates herwaardeer is, die datum van die herwaardasie en die herwaardeerde bedrag daarvan, die onderskeie datums van vervreemdings daarvan en die vergoeding ten opsigte daarvan ontvang, aantoon:”.

Wysiging van artikel 59 van Wet 69 van 1984

8. Artikel 59 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (5) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) 'n Rekeningkundige beampte moet by sy bedanking of ontslag elke lid van die korporasie onverwyld skriftelik daarvan in kennis stel, en 'n afskrif van die brief na die jongste bekende adres van die geregistreerde kantoor van die korporasie stuur en moet daarenbome onverwyld per gesertifiseerde pos die registrateur in kennis stel—

- (i) dat hy bedank het of uit sy amp ontslaan is;
- (ii) van die datum van sy bedanking of ontslag;
- (iii) tot welke datum hy sy pligte verrig het; en
- (iv) dat op die tydstip van sy bedanking of ontslag hy nie van enige aangeleenthede in die finansiële sake van die korporasie bewus was wat in stryd met die bepalinge van hierdie Wet is nie.”.

Wysiging van artikel 60 van Wet 69 van 1984

9. Artikel 60 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Niemand **[kwalifiseer vir aanstelling as]** word aangestel as of beklee die amp van rekeningkundige beampte van 'n korporasie nie tensy hy 'n lid is van 'n erkende professie wat—”; en

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) 'n Firma soos omskrywe in artikel 1 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991), en enige ander firma kan as rekeningkundige beampte van 'n korporasie aangestel word, mits elke **[lid]** vennoot van [die] laasgenoemde firma kwalifiseer om aldus aangestel te word.”.

Amendment of section 23 of Act 69 of 1984

5. Section 23 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the following paragraph:

- 5 “(b) shall have that name (or such translation thereof) and registration number mentioned in legible characters in all notices and other official publications **[including advertisements]** of the corporation, and in all bills of exchange, promissory notes, endorsements, cheques and orders for money, goods or services purporting to be signed by or on behalf of the corporation, and all letters, delivery notes, invoices, receipts and letters of credit of the corporation; and”.
- 10

Amendment of section 27 of Act 69 of 1984, as amended by section 7 of Act 38 of 1986 and section 2 of Act 64 of 1988

6. Section 27 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (4) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“If the provisions of subsection (2) have been complied with, the Registrar shall, **[unless he has reason to believe]** if he is satisfied that the company concerned has **[failed to comply with any requirement]** complied materially with the requirements of the Companies Act—”.

20 Amendment of section 56 of Act 69 of 1984

7. Section 56 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph (b) of subsection (1) for the words preceding the proviso of the following words:

- 25 “a register of fixed assets showing in respect thereof the respective dates of any acquisition and the cost thereof, depreciation (if any), and where any assets have been revalued, the date of the revaluation and the revalued amount thereof, the respective dates of any disposals and the consideration received in respect thereof.”.

Amendment of section 59 of Act 69 of 1984

30 8. Section 59 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (5) for paragraph (a) of the following paragraph:

- 35 “(a) An accounting officer shall on resignation or removal from office forthwith inform every member of the corporation thereof in writing, and shall send a copy of the letter to the last known address of the registered office of the corporation and shall in addition forthwith by certified post inform the Registrar—
- 40 (i) that he has resigned or been removed from office;
- (ii) of the date of his resignation or removal from office;
- (iii) of the date up to which he performed his duties; and
- (iv) that as at the time of his resignation or removal from office he was not aware of any matters in the financial affairs of the corporation which are in contravention of the provisions of this Act.”.

Amendment of section 60 of Act 69 of 1984

9. Section 60 of the principal Act is hereby amended—

- 45 (a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“No person shall **[be qualified for appointment as]** be appointed as or hold the office of an accounting officer of a corporation, unless he is a member of a recognized profession which—”; and

- 50 (b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) A firm as defined in section 1 of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1991 (Act No. 80 of 1991), and any other firm may be appointed as an accounting officer of a corporation, provided [that] each partner in the latter firm is qualified to be so appointed.”.

55

Wysiging van artikel 82 van Wet 69 van 1984

10. Artikel 82 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) in artikel 20, 22A, 23 of 47, met ’n boete van hoogstens R500 of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens ses maande, of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf; en”.

Kort titel

11. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Beslote Korporasies, 1992.

Amendment of section 82 of Act 69 of 1984

10. Section 82 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (c) of the following paragraph:

- 5 “(c) in section 20, 22A, 23 or 47, to a fine not exceeding R500 or imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment; and”.

Short title

11. This Act shall be called the Close Corporations Amendment Act, 1992.

Die fabelhafte Welt der Gnomm
und die Gnomm
die Gnomm die Gnomm die Gnomm
die Gnomm die Gnomm die Gnomm
die Gnomm die Gnomm die Gnomm

Die fabelhafte Welt der Gnomm
die Gnomm die Gnomm die Gnomm
die Gnomm die Gnomm die Gnomm
die Gnomm die Gnomm die Gnomm